

TIZCA[®] 500 SC

SOUTH AFRICA Registration Number/Registrasie Nommer L9555, Act No. 36 of 1947/Wet 36 van 1947

**READ THE LABEL BEFORE USE
KEEP OUT OF REACH OF CHILDREN AND ANIMALS**

GROUP/GROEP	29	FUNGICIDES	SWAMDODERS
--------------------	-----------	-------------------	-------------------

A suspension concentrate contact fungicide for the preventive control of foliar Late Blight (<i>Phytophthora infestans</i>) and protection against tuber blight and powdery scab (<i>Spongospora subterranea</i>) in potatoes.	'n Suspensie konsentraat kontak swamdoder vir die voorkomende beheer van blaar Laatroes (<i>Phytophthora infestans</i>) en beskerming teen knolroes en poeieragtige skurf (<i>Spongospora subterranea</i>) op aartappels.
--	---



HAZARD STATEMENTS:

May cause an allergic skin reaction.
Suspected of damaging the unborn child.
Very toxic to aquatic life with long lasting effects.



PRECAUTIONARY STATEMENTS:

Prevention:

Obtain special instructions before use.
Avoid breathing mist or vapors.
Avoid release to the environment.
Wear protective gloves/ protective clothing/ eye protection/ face protection/ hearing protection.



Response:

IF exposed or concerned: Get medical advice/ attention.
Collect spillage.

WARNING

Active ingredient
Fluazinam (pyrimidine) – 500 g/L

Aktiewe bestanddeel
fluasinam (pirimidien) – 500 g/L

Net Volume

5L

Netto Volume

REGISTRATION HOLDER/REGISTRASIEHOUER

FMC Chemicals (Pty) Ltd
Company Registration Number: 1988/001451/07
West End Office Park
Building C
Cnr West Ave & Hall Street
Centurion, 0014
Telephone number: +27 (76) 875 4432
www.ag.fmc.com/za/en

Batch Number
Date of Manufacture
Expiry Date

Printed on Container
Printed on Container
2 Years from manufacture

Lot Nommer
Datum van Vervaardiging
Vervaldatum

UN Number/VN Nommer

3082

For any emergency or poisoning contact: Griffon Poison Information Centre (24 hrs)
Vir enige noodgeval of vergiftiging kontak Griffon vergiftiging Inligtingsentrum (24 hr)

+27-(0)-82-446-8946

WAARSKUWING:

GEVAARSTELLINGS:

- Kan 'n allergiese velreaksie veroorsaak.
- Word daarvan verdink dat dit die ongebore kind kan beskadig
- Baie giftig vir waterlewe met langdurige effekte.

LAAT DIE VOLGENDE DAE TOE TUSSEN DIE LAASTE BEHANDELING EN OES

Gewas	Minimum aantal dae
Aartappels	7

- Hanteer versigtig.
- Giftig indien ingesluk of ingeasem.
- Irriterend vir oë en vel. Risiko van ernstige skade aan oë.
- Mag sensitisering (allergiese reaksie) deur velkontak veroorsaak . Mense gesensitiseerd deur TIZCA®, moet die produk nie gebruik of in verdere aanraking daarmee kom nie.
- Uitsers Giftig vir visse/waterorganismes.
- Berg in 'n koel plek weg van voedsel en voer.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- **Herbetreding:** Moet nie behandelde gebiede betree alvorens die spuitneerslag droog is nie tensy beskermende oorklere gedra word.
- In die geval van vergiftiging ONTBIED 'n GENEESHEER EN STEL DIE ETIKET BESKIKBAAR.

VRYWARING:

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle omstandighede doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond- klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie, sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van die toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade van enige aard, aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMATREËLS:

VOORSORGSTELLINGS:

Voorkoming:

- Kry spesiale instruksies voor gebruik.
- Vermy asemhaling van mis of dampe.
- Vermy vrylating na die omgewing.
- Dra beskermende handskoene/ beskermende klere/ oogbeskerming/ gesigbeskerming/ gehoorbeskerming.

Reaksie:

- **INDIEN** blootgestel of bekommerd: Kry mediese advies/ aandag.
- Versamel gemorste produk.

GEVAARLIKE BESTANDELE:

Fluazinam (ISO)
1,2-bensisotiasool-3(2H)-een

- Moet nie die spuitmis inasem nie.
- Vermy kontak met die vel en oë.
- Indien kontak plaasvind was dadelik met seep en water.
- Dra beskermende klere, gesigskerm en rubber handskoene tydens voorbereiding en toediening.
- Moet nie eet, drink of rook tydens bespuiting en voordat hande en gesig gewas is en ander klere aangetrek is nie.
- Moet nie verstopte pype met die mond oopblaas nie.
- Klere en blootgestelde liggaamsdele moet altyd deeglik na bespuiting gewas word.
- Vermy die oorwaai na aangrensende gebiede waar die spuitmengsel op onbeskermd mense, diere of eetbare gewasse wat binnekort geoes gaan word, of op weiding, riviere of damme kan land.
- Maak toerusting deeglik skoon na gebruik en gooi waswater weg waar dit nie gewasse, weiding, riviere of damme sal besoedel nie.
- Klam enige verspilte konsentraat aan met sterk wassoda en spoel die plek met baie water af.
- Voorkom besoedeling van voedsel voer, drinkwater en eetgerei.
- Keer die leë houer uit oor die spuitenk of mengbak en dreineer vir ten minste 30 sekondes nadat die vloeistof tot slegs 'n drup verminder het. Spoel die houer daarna drie maal uit met 'n volume water van ten minste 10% van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuitenk.
- Vernietig leë houer deur gate daarin te maak en plat te druk. Moet nie vir enige ander doel gebruik nie.

SIMPTOME VAN VERGIFTIGING BY MENSE:

Die produk mag irritasie aan oë en 'n allergiese velreaksie veroorsaak en mag 'n vel sensitiseerde in sekere individue wees.

EERSTEHULPBEHANDELING:

Inaseming: As 'n persoon ongemak voel, verwyder die persoon onmiddelik van die blootstelling en kry mediese hulp indien enige simptome ontwikkel.

Ingesluk: Moenie braking veroorsaak nie. Spoel mond en drink water of melk. Indien braking plaasvind, spoel die mond uit en drink weer vloeistowwe. Soek onmiddellik mediese hulp.

Vel-en oogkontak: Hierdie produk kan matige tot ernstige, maar tydelike irritasie, aan oë en 'n ligte irritasie vir die vel veroorsaak. Spoel dadelik die geaffekteerde area met oorvloedige skoon water of oogspoel oplossing. Verwyder besoedelde klere en skoene. Spoel oë totdat daar geen bewyse van chemiese middel oorbly nie. Soek onmiddellik mediese hulp indien irritasie ontwikkel.

NOTA AAN GENEESHEER:

Geen spesifieke teenmiddel beskikbaar nie. Na dekontaminasie, moet behandeling ondersteunend en simptome wees. Maagspoeling en die administrasie van geaktiveerde houtskool kan oorweeg word.

WEERSTANDBESTUUR:

Vir weerstandbestuur: TIZCA® is 'n FRAC groep kode 29 (afbraak van oksidatiewe fosforilering) kontak swamdoder. Enige swampopulasie mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen TIZCA® en enige ander groepkode 29 swamdoder het. Weerstandbiedende individue kan uiteindelik die swampopulasie oorheers indien hierdie swamdoders herhaaldelik gebruik word. Hierdie weerstandbiedende swamme sal waarskynlik nie deur TIZCA® of enige ander groepkode 29 swamdoder beheer word nie. Om die moontlikheid van weerstand opbouing te verminder, vermy eksklusiewe herhaaldelike gebruik. TIZCA® moet afgewissel word met plaagdoders van ander chemiese groepe. TIZCA® moet nie meer as 10 keer per seisoen op dieselfde gewas toegedien word nie.

GEBRUIKINGSAANWYSINGS: GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI.

MENGBAARHEID:

TIZCA® is mengbaar met AZAKA® (L8867).

MENGINSTRUKSIES:

Maak die spuittenk halfvol met skoon water en begin roer. Skud die houer goed voor dit oopgemaak word en voeg die benodigde volume TIZCA® by en maak die tenk daarna vol. Handhaaf roering gedurende bespuiting en gebruik die spuittenk mengsel onmiddellik. Moet nie toelaat dat die mengsel oornag staan nie. TIZCA® kan gemeng word met water van verskillende pH-waardes en hardheid wat normaalweg in die landbou voorkom.

GEWAS/PLAAG	HOEVEELHEID per hektaar	OPMERKING
AARTAPPELS Laatroes (<i>Phytophthora infestans</i>)	400ml	<p>Dien toe as 'n voldek voorkomende bespuiting in 200 - 500l spuitmengsel per hektaar. Verseker volledige bedekking van die blare en stamme en verhoog die volume as die plante groei. Begin toediening by die eerste roes waarskuwing of wanneer plaaslike weerstoestande gunstig is vir die ontwikkeling van die siekte. In die afwesigheid van bevorderlike weerstoestande, moet die eerste bespuiting nie later as wanneer die gewas in die ry bymekaar kom toegedien word nie.</p> <p>Onder <u>lae siektedruk</u> toestande herhaal die toediening elke 14 dae.</p> <p>Onder <u>hoë risiko</u> omstandighede (Twee opeenvolgende vogtige dae of in besproeiingsgewasse, moet die spuitinterval 7 tot 10 dae wees.</p> <p>Onder <u>strawwe</u> toestande herhaal bespuitings elke 5 tot 7 dae.</p>

Notas:

- Aartappelroes swamdoders kan nie volledige beskerming gee wanneer die siekte druk hoog is nie. Nogtans, siekteontwikkeling sal egter aansienlik vertraag word deur gebruik van 'n tydige spuitprogram.
- Om die risiko van knolroes tydens oes te verminder, moet TIZCA® gereeld gebruik word teen die aanbevole tussenposes vanaf volle blaardak ontwikkeling tot volle loof verdroging. 'n Volledige loof verdrogingsprogram moet uitgevoer word om die risiko van ontwikkeling van daaropvolgende knolroes te verminder. Die knolle moet nie gelig word vir ten minste 10 dae na die volledige doodmaak van die loof nie.

GEWAS/PLAAG	HOEVEELHEID per hektaar	OPMERKING
AARTAPPELS Poeieragtige skurf (<i>Spongospora subterranea</i>)	4000 ml	<p>Dien toe as 'n algehele bespuiting op vogtige grond voor plant in 300 tot 500l water per hektaar vir goeie bedekking. Die produk moet binne 2 ure na toediening deeglik met die grond vermeng word, tot op 'n diepte van 15 cm om te verseker dat die produk eweredig met die grond rondom die wortelsone en die sone waar knolinisiasie plaasvind, vermeng is. Verseker deeglike en eweredige grond inkorporasie tot 'n diepte van 15cm deur gebruik van 'n roterende eg of rolkap ploeg binne 2 ure na toediening.</p> <p>Toediening tydens die plant proses word slegs aanbeveel indien die produk eweredig deur die knol inisiasie en wortelvormings sone versprei word.</p> <p>Plant slegs gesertifiseerde moere wat vry is van poeieragtige skurf in lande wat met TIZCA® behandel is.</p>

Notas:

- Poeieragtige skurf is 'n swam patogeen wat plantdele onder die grond aantast en wat lei tot die ontwikkeling van vratte en puisie-agtige letsels op die vel van die knol wat oesverliese en afgradering van die knolle veroorsaak, veral op saadaartappels. Die patogeen is ook 'n vektor en draer van aartappel mop-top virus.
- Knol- en wortel besmettings word deur koel, vogtige grondtoestande bevoordeel maar warmer, droër toestande lei tot die ontwikkeling van puisie-agtige letsels op die knolle. Besproeiing skep gunstige toestande vir swam ontwikkeling.
- Totale beheer van 'n grondegedraagde siekte soos poeieragtige skurf is nie moontlik nie en mate van beheer behaal is direk gekoppel aan hoe eweredig die produk in die teikensone versprei word.